



Vierde uitgawe -
2019

Koeda

Pretoria Bonsai Kai

The word Koeda is Japanese and means: 'Graceful branch'. It is pronounced Ko-eda.

• Pretoria Bonsai Kai bestuur:

- Voorsitter – Org Exley
082 809 2037
- Onder voorsitter – Francois
van As 074 6011847
- Tesourier - Daan du Toit
012 567 2520
- Sekreteressee – Marianne
Erwee 083 377 7893
- Skakelbeampste - Christa Ver-
maak 083 388 4736
- Addisionele lede :
Duvan Horn
Martin Kruger
Johan Els
Jaco Kriek

Enige idees, artikels of terug-
voering rakende die nuusbrief
kan gegee word aan Jaco Kriek
by:
jaco.kriek@aurecongroup.com

In hierdie uitgawe

Van die redakteur	1
Vergadering van 6 Julie	2
Spiegel im Spiegel Bonsai	17
Snippets	19
Vergadering van 3 Augustus	20
Kalender	28
Terugvoering	30
Sorgskedule	31

Van die Redakteur

Bonsai friends

We live in the digital age with a mass of information available with the press of 'enter'. A while ago I wanted to look up something about bonsai trees on the internet and I started my search by typing in just the word *Bonsai*, and there was 104 million sites to choose from. Then I typed *Best bonsai*, and the option for sites were 69.3 million. Indoor bonsai gave 25.5 million sites. South Africa bonsai 8.68 million. Ficus bonsai 11.6 million sites.....

How do you (and me as a novice in particular) "Separate the grain from the chaff"?

I even came upon a site selling Bonsai seed...really.

How do you know that what you read is really applicable to you and your circumstances, your type of trees, your climate, your watering schedule etc?

We must always remember that the advice given is specific and may not apply to us. Also remem-

ber that the 'rules' are many but must be treated as guidelines.

One way of getting the correct information that is applicable to us is to mix with bonsai enthusiasts in your area and specifically in our Kai.

Most of the experienced members have learned the tricks of the trade through many years and the more inexperienced members can shortcut many mistakes (and dead trees) by the teachings in the Kai.

See you at the Kai meetings !!!

Jaco



Perfection is based on your own perception of what is perfect to you.

Vergadering van 6 Julie 2019



Vergadering van 6 Julie 2019 - mini uitstalling



Links: Hierdie “Phoenix graft” Olien het Louis begin na die vergadering van 5 Maart 2016 waar die tegniek bespreek is. Die dooie hout wat gebruik is, is ook van ’n Olien. Die Olien wat Louis gebruik het as boom het hy uit sy tuin gegrawe. Dit was ’n baie jong boompie met ’n dun stammetjie wat nog goed kon buig.

Regs: Koos het hierdie Ficus benjamina as ’n groot potplant gekry. Koos sê die boom was meer as ’n meter hoog. Dit was een van daardie bekende plante waarvan so drie stamme gevleg was en was in ’n baie klein pot. Koos het die boom so jaar gelede oorgeplant en afgesny en in ’n bonsai begin styl.



Regs: Louis het hierdie Kan-niedood, Commiphora harveyi, so vier jaar gelede van ’n steggie begin wat hy by oorlede Charles Ceronio gekry het.

Onder: Erika het weer haar pragtige “Japanese Maple” gewys sonder blare. Sy werk al 22 jaar aan die boom en het hom van ’n steggie begin.



Vergadering van 6 Julie 2019



Bo: Hierdie “Hornbeam, Carpinus” het Erika sowat 20 jaar gelede gekry van ’n persoon wat oorlede is. Die boom was eers deel van ’n groep aanplanting. Volgens Erika is Hornbeam skaars om in die hande te kry.

Regs: Jakkie het hierdie Ficus sycomorus in 2002 van oorlede Charles Ceronio gekry. Sy sê dat sy baie gereeld die blaartjies uitpluk en daarom het hulle so mooi verklein.



‘Tip of the month’ - Deur Foster Fourie

Foster het ’n baie inspirerende ‘praatjie’ gegee om ons betrokke te kry by “re-cycling”. Hy het ’n klompie statistiek gegee van hoe min daar werklik herwin word. Foster het genoem dat hy by sy drukkersbesigheid begin het om te herwin en dat dit baie suksesvol is; sy plek is somer nou mooi skoon ook.

Hy noem dat dit ’n aktiewe besluit en aksie vat om dit te doen. Raad is om eers te kyk voor jy koop en om dan mooi te kyk voor jy somer net weggooi. Kry vir jou dromme waarin jy verskillende materiaal kan sit om te herwin: glas, plastiek, papier ens. - Elk in ’n drom.

Raak betrokke by gemeenskapsprojekte wat herwin. Foster het vertel hoe sy skoonsus baie produkte soos melkbottels, proppies ens gebruik in skole om gestremde kinders te leer tel en spel.

Ons Kai, onder leiding van Mariaan, is ook betrokke met herwinning. Bring herwinbare material vir haar. Ons het elkeen ’n plig om die aarde te help.



Vergadering van 6 Julie 2019

Daar is drie temas aangeraak: Duvan het ons ingelig oor watertoediening, Daan oor bedrading en Jaco oor groeimengsels. Die 'praatjies' word kortliks onder weergegee:

Watertoediening

Verskillende metodes van watertoediening:

- Per hand (Tuinslang met spuitkop of gieter)
- Fyn drukbesproeiing oorhoofs
- Drupbesproeiing in elke bonsai bak of pot

Voor en nadele van elk:

Voordele per hand

Jy kan elke boom afsonderlik water gee volgens sy behoeftes. Sekere bome wat minder water nodig het, kan jy oorslaan.

Omdat jy direk aandag gee aan elke boom sien jy probleme soos peste gouer raak.

Dis ontspannend want jy spandeer tyd saam met jou bome.

Nadele per hand

Dit verg baie tyd en toegewydheid.

Jy moet altyd reël vir iemand om na jou bome om te sien as jy weggaan.



Voordele van Fynbesproeiing

Dit help met afkoeling op warm dae.

Dit kan gebruik word om die humiditeit rondom jou bome te verhoog.

Nadele van Fynbesproeiing

Dis gewoonlik nie genoeg om bome behoorlik nat te maak nie.

Water word tot 'n mate vermors omdat baie nie op die bome val nie

In die groeiseisoen kan groter bome se blare die water afkeer om by die kleiner bome onder of agter hulle uit te kom.

Bome kan gou uitdroog as hulle nie voldoende water kry nie en kan jy skade ly.

Nasorg word benodig om seker te maak die sproeiërs verstopt nie.

Voordele vir Drupbesproeiing

Dis 'n goeie manier om jou bome water te gee as jy nie baie tyd het om dit self te doen nie.

Genoeg water per boom word toegedien en jy kan meer as een drupsproeier per bak/pot plaas.

Vergadering van 6 Julie 2019

Nadele van Drupbesproeiing

Kostes vir installasie kan baie wees as jy baie bome het.

Nasorg word benodig om seker te maak die sproeiers verstopt nie; mierneste is 'n probleem.

Jy kan bome verloor omdat die sproeiers verstopt of uit die bak val/verwyder is.

Die groot vraag wat almal vra: hoe gereeld moet ek water gee?

Daar is geen konkrete antwoord op hierdie vraag nie. Dit hang af van die spesie van die boom, tipe grondmengsel wat gebruik word en die klimaat waar die boom geplaas word. Verskillende boomspesies het verskillende waterbenodighede. Sekere bome staan in water en ander kan weer lank sonder water oorleef. Sekere spesies moet weer nie water kry gedurende die wintermaande nie.

Grondmengsels word/is deur een van die ander lede bespreek, so ek gaan nie iets daarvoor sê nie. Klimaat sal ook bepaal hoe gou jou boom weer water benodig of nie. Hier in Pretoria het ons ook verskillende klimate afhangend van waar jy woon. Wees dus versigtig van wie jy raad kry — nie net oor watertoediening nie maar ook oor ander aspekte van jou bonsai. Probeer dus altyd vasstel waar die persoon woon van wie jy raad vra en of jou omstandighede dieselfde is as daardie persoon. Dieselfde raad is ook van toepassing as jy na oorsese sprekers luister en hulle raad gee oor sekere dinge wat hulle doen.

Opvang en berging van water

Soos wat waterpryse elke jaar verhoog en meer en meer van droogtes gehoor word, is dit belangrik om te oorweeg om reënwater op te vang. Die water is gratis maar die opgaartenk ongelukkig nie. Die tenk se uitgawe is egter eenmalig. Die beste manier is om gebruik te maak van jou huis se geute en die waterafvoer na jou opgaartenk te herlei. Maak ook net altyd seker dat jou tenk op 'n stewige fondasie staan. Jy sal ook 'n klein pompie benodig om die water weer maklik uit jou tenk te pomp om jou bome mee nat te maak. Opgaarwater skep ongelukkig die ideale broeiplek vir muskiete maar deur dit toe te hou kan jy dit beperk of voorkom. Nasorg is ook nodig op jou geute en afvoerpype; dit moet gereeld skoon gemaak word om te verseker jou water vloei tot in jou tenk. Wintermaande is die ideale tyd om jou tenks skoon te maak van enige afval wat moontlik daarin kon beland.

Watertoediening direk na oorplanting

'n Goeie metode om te gebruik as jy klaar jou bome oorgeplant het, is om hulle in 'n diep bak water te sit sodat die hele pot onder water is. Hierdeur sorg jy dat die boom goed nat is en verwyder jy ook oortollige lugleegtes tussen die wortels. Hou die boom in die bak water totdat die meeste lugborrels uit gekom het, verwyder die boom dan en maak seker die oortollige water dreineer goed uit. Hierdie metode kan ook gebruik word op bestaande bome. Dis egter moeilik om te doen met groot bome.

Vergadering van 6 Julie 2019

Eerste watertoediening na 'n boom so bietjie uitgedroog het

Met die eerste watertoediening na die grond so bietjie uitgedroog het sal jy opmerk dat die meeste water net sal afloop en nie deur die grond geabsorbeer word nie. Dieselfde geld vir mos bo op die grond wat uitgedroog het. Ek is onseker wat dit veroorsaak maar daar moet daarop gelet word as jy water gee. Gee dus klein hoeveelhede water op 'n slag totdat jy sien dat die grond/mos die water begin absorbeer. Gee dan genoeg water totdat jy sien dat die water onder by die pot uitloop. Probeer sorg dat jou bome se grond nooit so uitdroog dat hierdie gebeur nie.

Droogte

Ons hoor al hoe meer vandag van droogtes en waterbeperkings en in die toekoms kan dit ook ons en ons stokperdjie beïnvloed. Lede met groot versamelings sal daaraan moet begin dink om af te skaal en die getal bome wat ons onderhou te verminder. Ek self moet dit ook begin toepas. Ek sou graag by die lede van ander klubs wat tans of reeds deur droogte geraak is, wou hoor wat hulle gedoen het, maar die tyd en my werkslading het my bietjie ingehaal. Miskien het lede hier dalk raad oor wat ons kan doen?

Bedrading van bome

- Tegniek om boompies te styleer
- Tipe draad
- ⇒ Koper: Geskik; maklik gebruik; nie opvallend
- ⇒ Aluminium: Te sag (?); opvallend, onooglik
- ⇒ "Bonsai draad": Algemeen in gebruik en hergebruikbaar

Basiese beginsels



- ⇒ Toepaslike draaddikte
 - ⇒ Volorde - hoofstam, primêre takke, sekondêre take
 - ⇒ Nie blare / fyner takkies vasvang
 - ⇒ Anker van draad
 - ⇒ Bedradingshoek
 - ⇒ Hoe styf
 - ⇒ Bedraad netjies
-

Vergadering van 6 Julie 2019

Toepaslike draaddikte en lengte

- ⇒ Draddikte - een derde van takdikte is algemene riglyn. Te dik is onnodig en uifers onooglik. Bemoeilik fyner, delikate buiging.
- ⇒ Riglyn vir lengte van draad benodig is een en 'n derde van tak wat bedraad moet word se lengte

Bedraad van hoofstam na kleiner



Nie blare en fyn takkies vasvang



Anker van draad

Hoofstam



Primêre en sekondêre takke aan die tak waaruit hulle ontwikkel



Sekondêre takke (met een draad), oorkruis — verkeerd



Een draad vir twee takkies, korrek — alternatiewelik oorkruis



Vergadering van 6 Julie 2019

Bedradingshoek


Eweredig - 45° tot 60°

te wyd (nie geskik vir buig)



Eweredig - 45° tot 60°

te naby (oordadig; onooglik; wurg tak)




Aanbevole (geskik vir buig en netjies)




Hoe styf

Styf genoeg om tak te kan buig sonder dat tak los kan beweeg onder draad (bas beskadig); te los bemoelik buiging van tak in verlangde vorm



Bedraad netjies

Drade moet nie afbreuk doen aan voorkoms, nie oorkruis



Vergadering van 6 Julie 2019

Gebruik van twee drade uitme- kaar is onooglik



Gebruik van twee drade langs/ naby mekaar



Wanneer om te bedraad/buig

Hou seisoen dop

- Meeste konifere — aktiewe groeiseisoen
- Bladwisselende bome voor bot of net voor dormansie
- Nie in blomtyd nie
- Weerhou water
- Nie verplant of wortelmasse losmaak kort voor bedrading

Hoe om te buig

- Maak seker tak is reg bedraad.
- Ondersteun tak met duim waar buiging moet plaasvind — ondersteuning vergemaklik buiging.
- Waar buiging by aansluiting met die ‘hooflak’ moet plaasvind, help dit verhoed dat tak by aansluiting skeur.
- Neem rigting waarheen gebuig word in ag.
- As sytak afwaarts gebuig moet word, moet draad vanaf ankertak bo-oor sytak begin word en omgekeerd.




Vergadering van 6 Julie 2019


- Moet nie tak in reënboog vorm nie.




- Neem oorspronklike kurwe in ag met buiging.
- Buig saam met oorspronklike kurwe.



- Neem oorspronklike kurwe in ag met buiging
- Moet nie teen oorspronklike kurwe forseer.




- Maak eerste buig so na as moontlik aan ankerstam.



Vergadering van 6 Julie 2019

- Maak eerste buig so na as moontlik aan ankerstam en nie 'n ronde buiging by basis nie.



Aspekte voor en na bedrading

Voor bedrading

- Moet liefers nie swak – of oorgeplante plante bedraad.
- Gee boompies kans om te akklimatiseer indien uit ander omgewing gebring.

Na bedrading

- Beskerm teen son en wind vir paar dae.
- Moenie bemesting gee.
- Maak goed nat — deurdrenk, kan selfs besprinkel

Bedrading van wortels

- Algemeen gebruik om probleemwortels te hanteer
- Buiging van lang regaf wortel om boompie vlakker in die bak in te pas
- Buig bepaalde wortel(s) om balans aan die wortelbasis te gee en dus vertoning van die boom in die bak te verbeter.

Verwydering van draad

- Tyd is moeilik om te sê. Hou boompie dop.
- Verwyder sodra dit lyk asof die draad in die bas wil insny.
- Kan afgewen word vir latere gebruik of in klein stukkie opgekerf word (voorkom beskadiging).
- Moet nooit drade aan stam laat.
- As draad sleg ingesny het, verwyder en seël.
- As tak nie vorm hou nie, herbedraad verkieslik in teenoorgestelde rigting.
- Delikate snit op stam help om vorm te hou. ♣

Vergadering van 6 Julie 2019

Jaco het een en ander gedeel oor Groeimengsels

Die meeste plante, insluitend bome en dus bonsai, het net vier goed nodig om te kan groei: voedingstowwe, suurstof, water en iets om hulle regop te hou. En het Daan bygevoeg, sonlig vir fotosintese. Jy kan 'n boom in 'n bak albasters groei as jy wil, maar dan sal jy kort-kort moet natgooi en baie gereeld voeding gee.

Een van die mees gedebatteerde onderwerpe in bonsai is die van bonsai groeimengsels. 'n Goeie bonsai (mooi bonsai) moet nie net goed gestyleer wees nie maar moet gesond wees. Daar is 'n paar maniere om 'n gesonde bonsai te hê waarvan een baie belangrike aspek die van die boom se groeimengsel is. Die groeimengsel van 'n spesifieke boom moet dus so na aan moontlik perfek wees vir die boom.

Die “regte resep” vir 'n bonsai groeimengsel is soos die regte resep vir spaghetttisous. Elkeen het sy eie voorkeur van wat en hoeveel in die resep moet wees. Die basiese bestandele wat egter werk, is gewoonlik dieselfde. Bonsai kenners kan vir ure argumenteer oor die perfekte mengsel. Daar is egter drie bestandele waaraan 'n goeie mengsel **moet** voldoen, naamlik goeie dreinerings, waterretensie en goeie belugting (suurstof). Hoe jy dit kry, hang van persoonlike smaak af. Daar bestaan dus nie 'n korrekte mengsel nie. Ons moet elk 'n mengsel kry wat vir ons kondisies en bome werk.

Die komponente wat gebruik word kan verskil van area tot area, van watter soort bome jy het en van hoe gereeld of ongereeld jy water kan gee. Dit hang ook af van wat beskikbaar is vir 'n individu. Die grootte van jou bonsaibak kan ook 'n invloed hê op wat jy gebruik. Woon jy in die trope of in die woestyn? Dit hang dus af wat werk vir jou!!

Die drie vernaamste eienskappe gaan eintlik hand aan hand.

Goeie dreinerings: Groeimengsel wat swak dreineer kan veroorsaak dat wortels vrot en die boom sal vrek. Groeimengsel wat swak dreineer kan ook veroorsaak dat soute en chemikalieë opbou in die mengsel. Groeimengsel wat swak dreineer kan ook kompakteer. Goeie dreinerings word verkry deur 'n 'los' groeimengsel te gebruik. Dit verskaf 'n toestand waarin die boomwortels maklik kan groei. Goeie wortelgroei bevoordeel goeie bo-groei en algemene gesonde bome. Ons moet egter so dikwels as moontlik die dik en groot wortels verwyder sodat fyner wortels kan ontwikkel. Hierdie fyner wortels is “feeder roots” wat die boom beter voed. Die ideale mengsel moet dus fyn “feeder roots” aanmoedig.

Waterretensie: Bome het vog (water) nodig om te groei. Dit help nie dat die groeimengsel so goed en so vining dreineer en dan dadelik kurkdroog is nie. Die wortels moet klam bly, maar nie nat nie. Sekere partikels is baie moeilik, indien nie onmoontlik, om weer klam te kry as dit eers heeltemal uitgedroog het nie. Dit veroorsaak droeë dele in die pot en fyn wortels verdroog en vrek en die boom ly skade. Die partikels wat gebruik word moet net op die partikels se oppervlakte 'n dun laagie water hou en die res moet dreineer.

Goeie belugting: Dit is bietjie vreemd om te verstaan want dit lyk nie so in die natuur waar bome groei nie, maar 'n boom se wortels het suurstof nodig. Wanneer die dreinerings van die groeimengsel goed is, is die belugting vanselfsprekend ook goed. Soos wat die water uitloop of verdamp, word lugleegtes in die oop spasies veroorsaak en word lug en dus suurstof ingetrek. As water weer gegee word, word die 'ou' lug verwyder en soos tevore word nuwe vars lug en suurstof weer ingetrek.

Vergadering van 6 Julie 2019

Meeste groeimengsels bestaan uit dele organies en dele anorganiese materiaal. Hoeveel van elk, asook wat, hang af van jou keuse en wat beskikbaar is, asook hoe jy jou bome versorg. Vroeër is baie van organiese materiaal gebruik gemaak, soos “peat moss” en kompos en dit is gemeng met bietjie anorganiese materiaal. Die algemene neiging vandag, veral in Japan, is om amper heeltemal anorganiese materiaal te gebruik.

Wat is Organies? Ons ken dit meestal as kompos of die kommersiële “potting soil”. Dus dooie, verrotte plantmateriaal, veral “Pine bark”. Organiese materiaal kan voedingstowwe bevat wat goed is vir plante. Sommige soos “Pine bark” bevat egter baie min of geen voedingstowwe nie. Die probleem met organiese materiaal is dat dit afbreek, verdig en slegte dreinerings (belugting) veroorsaak. In ’n mindere mate so met “Pine bark” wat langer neem om af te breek. Organiese materiaal, afhangende wat dit is, soos “peat moss” en blare, kan baie water hou en swak dreineer. Baie van veral die kommersiële komposprodukte, ook “peat” in baie warm toestande absorbeer baie min of geen water as dit eers heeltemal uitgedroog het nie. Jy dink dus jy maak jou boom nat, maar die water gaan verby of lê bo-op en is nie beskikbaar vir die wortels nie.

Die gebruik van organiese materiaal in ’n bonsai mengsel is dus hoofsaaklik:

- Om voedingstowwe vir die boom te voorsien
- Om vog te hou sodat die wortels nie uitdroog nie
- Om struktuur te verskaf vir die boom om in te staan

Onthou egter dat die struktuur van organiese materiaal nie dieselfde bly nie. Dit ontbind na ’n tyd:

- Die struktuur verander van redelik solied tot fyn poeier of stof.
- Die pH verander soos die ontbinding plaasvind.
- Die waterretensie kwaliteit verander en dit kan water afstoot in plaas van hou.
- Die vermoë om voedingstowwe te hou en vry te stel verswak. Dit gebruik selfs stikstof om te ontbind en stel dit dan nie vry aan die boom nie; dit is veral so met “pine bark”.

Algemene organiese materiaal wat gebruik word:

Bas: Bas is gewild omdat dit redelik vrylik beskikbaar is en redelik goedkoop is. Bas kan voedingstowwe hou en weer vrystel aan die wortels. Soos genoem gebruik dit self ‘nitrogen’ as dit ontbind wat sleg is vir die boom. As dit afbreek maak dit die pH laer en dus meer suur wat nie goed is vir baie bome nie. Dink dus mooi of bas regtig goed is.

“Seedling mix”: Dit is maar gekomposteerde bas. Dit het baie fyn materiaal by wat die medium verdig en dreinerings en verlugting dus verswak. Jy kan poog om die fynste deeltjies uit te sif. Dit kan wel goed gebruik word en is redelik beskikbaar en nie te duur nie.

Kompos: Gekoop of tuisgemaak. Hoofsaaklik dieselfde eienskappe as gekomposteerde bas.

“Potting soil”: Kan baie growwe dele bevat. Is baie keer hoofsaaklik van “Pine bark” gemaak en het dus dieselfde eienskappe as bas. Kan gebruik word as groot en fyn dele uitgesif word.

“Peat moss”: **Veen.** Dit is maar ontbinde “spagnum moss”. Dit absorbeer water en bly vir lank klam. Dit kan dus ook voedingstowwe absorbeer en later vrystel. Dit word gesien as steriel, het dus nie self voedingswaarde nie, en daarom moet voeding bygevoeg word. Dit is dikwels baie fyn en kan dus kompakteer. Dit word egter dikwels suksesvol gebruik.

Vergadering van 6 Julie 2019

Anorganiese materiaal: Dit is materiaal soos gruis (gravel) vulkaniese rots, gebakte klei (akadama), silica sand, riviersand ens. Hulle hou geen voedingstowwe nie en absorbeer self nie water nie. 'n Dun laagie water kan egter op die rante vasklou met die res wat uitvloei. Die voordeel van anorganiese materiaal is dat dit baie lank neem om af te breek of selfs glad nie afbreek nie.

Algemene anorganiese material wat gebruik word:

Akadama: Baie gewild in veral Japan maar weet nie of hier beskikbaar?

Graniet: Kry ook “decomposed granite”. Stof bevat voedingstowwe maar moet nie te veel wees nie. Sal heel moontlik buitendien uitwas.

Growwe rivier sand: Weet nie of ons dit maklik in Pretoria kry nie. In Natal is “Umgeni grid” baie gewild. Wat ons kan gebruik is sand vir sandfilters, wat eintlik Silica sand is - sien volgende punt.

Silica sand: Dit is vergruisde silica rots. Goed as jy kan kry. Dalk duur? Was of sif ook baie fyn stof uit. Gewoonlik is so 2mm die kleinste wat jy moet hê. Groter partikels is ook goed as jy meer gereeld kan nat maak.

Gruis: Hang af van die tekstuur ens.

Enige van die boonste maak jou medium los maar is ook swaar. Dit hou ook baie min water. Klein potte en vlak potte kan dus baie vinnig uitdroog.

LECA: LECA or **light expanded clay aggregates** were not originally developed for the agricultural sector but rather for the building or construction sector where it is used in aggregates used for building to make structures lighter, or for insulation to retain heat inside a building. However, it has now been used quite extensively in hydroponics and its variations, where plants are grown in a soil-less medium. LECA does not break down with time. LECA will retain its structure and so could potentially be sifted from old mixes and reused, although some disinfection might be advisable. It is available in several sizes and LECA is available in the market.

Vermiculite and Perlite: Vermiculite is the name of a group of hydrated laminar minerals (aluminum-iron magnesium silicates) which look like mica. Horticultural vermiculite is processed with massive heat that expands it into accordion shaped pellets composed of multiple layers of thin plates. It will not rot, deteriorate, or mold and is enduring, odorless, non-toxic and sterile.

Vermiculite is generally a neutral 7.0 but is dependent upon the source from around the globe and its reaction is alkaline. It is very lightweight and mixes easily with other mediums.

Vermiculite added to soil mixes increases water and nutrient retention and aerates the soil, resulting in healthier, more robust plants. Perlite may also be found in potting soils, but vermiculite is far superior for water retention. Vermiculite, although less aerating than perlite, is the amendment of choice for water-loving plants.

Perlite is a hard, highly porous material made by super-heating volcanic glass. Typically, vermiculite will be tan/brown in color and perlite will be white. Whereas vermiculite absorbs water in its plate-like structure, perlite traps water in its very porous, undulated structure. Vermiculite is close to a neutral pH whereas perlite has a slightly more alkaline pH. Both are very light-weight.

Though both products do in fact aerate the potting soil, the fact that vermiculite holds moisture longer than perlite makes their usage different.

Vergadering van 6 Julie 2019

Pumice: Pumice is a naturally occurring volcanic product. Due to the way it is created in nature it has a soft texture and is rather porous.

Its ability to withhold and release fertilizer slowly is quite high and therefore when used in a growing medium less frequent fertilizing is required. Pumice is also water retentive but drains exceptionally well and therefore it would be difficult to over water and create conditions conducive to root rot.

Roots are not able to penetrate pumice, as is also the case with other media like LECA. However, unlike LECA where the surface of the particle is hard, pumice is soft and based on internet surveys, it becomes apparent that roots like pumice and readily ramify in mixes which contain a fair amount of pumice in it.

"If I had only one soil component to use for bonsai it would be 100% pumice. If you have akadama, add some." - Michael Hagedorn

Pumice can be combined with other elements such as akadama, crushed stone, composted bark or peat. Due to the very good drainage qualities of pumice it is very often used to assist a sick tree to regain vigour and health. In such a case 100% pumice may be used.

Opsomming

Dit is raadsaam dat die verskillende komponente wat jy gebruik omtrent dieselfde grootte is. As daar klein deeltjies en groot dele is. sal die klein deeltjies na onder spoel gedurende benatting. Die beste partikel grootte is 2 tot 4mm.

Eksperimenteer met mengsels wat by jou omstandighede pas. As jy gereeld kan water gee en meer kan voed, kan jy materiaal gebruik wat vinniger dreineer. As jy ongereeld water gee, sit bietjie meer organiese materiaal in. Eksperimenteer totdat jy iets het wat werk vir jou. Gebruik dalk wat ons in die winkel verkoop as basis en voeg by soos wat dit jou pas. ♣

References: Most of the above information on soil was obtained from the web site www.bonsaitree.co.za

Please visit the site for more information. Terry Erasmus also notified the editor that some of the elements, such as akadama, can be obtained through him as he imports large shipments. Terry can be contacted via the web site mentioned or on his mail address info@bonsaitree.co.za

“Remember, if your tree died, you killed it. They don’t commit suicide”.

Hec DeBrabant

Spiegel im Spiegel Bonsai

Spiegel im Spiegel is 'n musiekstuk gekomponeer deur Arvo Pärt. Dit is geskryf vir tjello en klavier. Die weergawe daarvan wat ek baie geniet, is te vinde op YouTube en die twee kunstenaars is Leonhard Roczek en Herbert Schuch. Wat my veral beïndruk is die passie waarmee die twee speel.

Ek wil my verbeel dat mens bonsai so kan hanteer en stileer.

Hierdie Celtis het 'n storie. Ek kon die boom nie tot sy reg laat kom by 'n onlangse BRAT byeenkoms nie en hoop om deur Koeda hierdie moedige Celtis te eer. Die foto hieronder is 'n jaar of twee nadat ek dit gered het by 'n instansie wat dit laat uitgrawe het omdat hulle nie daarvan gehou het nie. Daar was 'n wurkverdeling naby die wortels en dit is opvallend waar ek dit afgesny het, naby aan die bopunt. Ek was te haastig om dit in 'n pragtige houer te plaas, maar ek weet ek is soms voortvarend. Dit moes eers later gekom het. Die interessante stam het dit oorleef.



'n Jaar of wat later het dit redelik ontwikkel soos hieronder gesien, die houer ten spyt. Moedige boom.



En nog later sonder blare kan gesien word dat iets op pad is. Steeds dieselfde houer! Ek hanteer dit egter saggies en met respek oor jare, dink ek.



Spiegel im Spiegel Bonsai

Ek sal later wys wat ek aan die doen is, maar die boom het begin agteruitgaan in veral die onderste drie takke. Ek het uiteindelik besef dat dit nie genoeg kon groei nie en het dit uitgeplant in 'n 70% groter houder. Dit was ten doel om die boom te laat herstel en dit hét, soos onder links gesien.



Letwat later het ek dit in die somer teruggesnoei en die resultaat was aanvaarbaar. Die onderste takke het begin herstel. Die plastieknet is bloot om Lysters van die mos af te hou.



In 2018, na dit gesnoei is, het dit weer koers gekry en ek wil graag op 'n paar punte klem lê. U kan dit in die laaste foto sien. Die spitstoeloping is goed. U moet let op die herhaling van die "lyne" van die takke aan elke kant. Dit is 'n gerusstellende visuele element omdat dit herhaal word. Die punte van veral die onderste takke neig meer horisontaal om ankering te bevestig. Dis soos arms wat weerskante stut. Dit lyk beter in 2019, maar ek het tans nie 'n foto nie. Die feit dat die agterste tak die eerste is, hinder ook nie. Tans is 'n ander vooraansig moontlik, maar dan verloor die boom die ruwe voorkoms wat opvallend is en as fokuspunt dien. Die groot snoeiwonde se randte het mooi omgekrul en die hout in die holtes het pragtig verouder en toon geen mensinvloed nie.

Ongeveer 20 jaar se werk.

Groete uit Klerksdorp.

Pieter Loubser



Snippets

Our Environment

Elevators use a lot of electricity to function. Electricity is generated by coal powered plants that contributes to massive air pollution.

If you can, take the stairs instead of the elevator, you will save electricity and get some exercise at the same time.



Inspirasie uit die natuur

Die boom links is afgeneem naby Plettenbergbaai. Dit is nie bekend watter soort boom dit is nie maar daar kan duidelik gesien word dat die boom al swaar gekry het in sy lewe. Dalk is hy deur weerlig getref of dalk moes hy droogtes oorleef, wie weet? Kyk net hoe naby lyk die Witstinkhout van Francois van As, foto regs, aan die boom in die natuur. Mens sou kon dink dat Francois die spesifieke boom as 'n model gebruik het.



Vergadering van 3 Augustus 2019



Vergadering van 3 Augustus 2019 - Mini-uitstalling



Links: Christa het hierdie Botterboom (*Tylecodon paniculatus*) baie onlangs in 'n vriendin se tuin in Montagu uitgehaal. Sy dink die plant is sowat 6 jaar oud. Die boom het 'n lekker bespreking uitgelok oor hoeveel water hy moet kry.

Onder: Jakkie het hierdie Moerbei boom van 'n steggie begin in 1997. Die boom het tans blommetjies en vruggies aan.

Onder: Louis het hierdie Apiesdoring (*Senegalia galpinii*) sewe jaar gelede begin van 'n plantjie wat hy in 'n swart sakkie by 'n kwekery gekoop het.



Bo: Hierdie Witolien (*Buddleja saligna*) het Louis vier jaar gelede by 'n kwekery gekry as 'n klein plantjie in 'n swart sakkie.

Vergadering van 3 Augustus 2019 - Mini-uitstalling



Links: Louis het hierdie Natalbeeskou (*Bauhinia natalensis*) nou al elf jaar en het hom as 'n klein plantjie in 'n swart kwekerysakkie gekoop.

Regs: Louis het hierdie Witolien (*Buddleja saligna*) 6 jaar gelede uit sy tuin gegrawe as 'n baie klein plantjie.



Bo: Hierdie "Chinese Maple" (*Acer buergerianum*) het Erika al 18 jaar in 'n bonsai pot en het hom van 'n saadjie begin.

Regs: Carl het hierdie Swart apiesdoring (*Senegalis burkei*) nou so drie jaar in die pot, nogal 'n houtpot, geplant en het die boompie van saad begin.



Vergadering van 3 Augustus 2019

'Tip of the month' - Deur Christa Vermaak

Christa het genoem dat mens dikwels die bedrading wat aan jou bome is te lank aanlos en dat dit in die takke se bas insny en onooglike merke los. Somtyds let jy dit op, soos wanneer jy water gee maar het op daardie oomblik net nie die tyd om die draade te verwyder nie. Maar hoe onthou jy nou later (wanneer jy natuurlik redelik baie bome het) watter boom se draad om eerste af te haal?

Christa gee die "tip" dat jy stokkies neem (iets soos sosatie stokkies) en die punte groen of rooi verf (of watter kleur jy seker verkies). Wanneer jy dan water gee of tussen jou bome deurstep en 'n boom sien waarvan die draad dringend moet afkom druk jy een van die rooi stokkies by hom in. Jy sien dan later wanneer jy tyd het maklik watter boom se draad MOET af.

As jy 'n boom sien waarvan die draad lyk of hy binnekort gaan insny, kan jy 'n groen stokkie indruk om jou te herinner om binnekort die draad te verwyder.

Dankie Christa, oulike plan.



Die tema van die vergadering wat deur Org Exley aangebied is was:

LIGHTNING STRUCK



Vergadering van 3 Augustus 2019

Weerlig sal een van drie dinge aan 'n boom doen:

Geen skade, ligte tot erge skade of totale vernietiging.

Weerligskade varieer baie, partykeer ontplof die boom, in ander gevalle sal daar net 'n strook bas afkom en dan laastens sal die boom geen skade wys nie maar mettertyd doodgaan omdat die wortelrskade gekry het.

In Bonsai werk ons om die tweede een voor te stel waar daar ligte tot erge skade was.

- 1) Word veroorsaak deur die vloeistof in die bas wat verhit en ontplof wanneer die weerligstraal die boom tref. Vloeistof is 'n goeie geleier.
- 2) Waar die bas oopbars en die harde hout onder ook krake vorm — Baie keer die lengte van die boom.
- 3) Waar die boom stadig terugsterf na 'n tyd as gevolg van die wortels wat beskadig is.
- 4) Kry die skade waar die weerligstraal getref het en dan die gedeelte waar die takke en stam oor 'n tyd terugsterf.



Vergadering van 3 Augustus 2019

Mate van skade wat in Bonsai voorgestel word:

- 1) Het dit net die kroon van die boom getref?
- 2) Het dit die lengte van die boom getref?
- 3) Het dit die hele boom getref behalwe die onderste deel wat die onderste tak insluit?
- 4) Het dit die boom middeldeer gebreek?

Die eerste een is waar die weerlig net die kroon van die boom getref het. Verwyder die boonste derde of kwart van die bas aan die boom en kerf dit om dit karakter te gee. Jy kan 'n deel van die dooie takke aan los. Jy kan ook 'n vlam gebruik om die dooie hout gedeeltelik te brand.



Die tweede een is waar die weerligstraal die lengte van die boom getref het. Hier hang dit af van hoe erg die straal die boom getref het. As dit net oppervlakkig was, sal net die bas af wees met slootjies in die hardhout. As dit erg was, sal die stam holtes in hê of heeltemal hol wees, maar daar sal lewendige takke tot bo in die boom wees. Daar kan selfs gate regdeur wees wat veroorsaak word as gevolg van die hout wat gebrand het.



Vergadering van 3 Augustus 2019

Derdens word die grootste gedeelte van die boom vernietig, behalwe die onderste deel. Dit gebeur die meeste met bome wat baie vog in die hardehout het. Hier word die hele boom gekerf behalwe die onderste lewendige deel wat die tak voed. 'n Mens gebruik die tak om die boom te vorm. Jy kan slegs een vlakke vorm of jy kan die tak gebruik om 'n boom te vorm met verskeie vlakke.



Vierdens word die stam middeldeur geslaan deur die weerlig en vorm dit 'n dubbel stam. Jy vat 'n boom met 'n dikkerige stam en gebruik 'n saag of beitel om dit in twee te saag of breek. As jy 'n beitel gebruik, behoort die natuurlike breek goed genoeg te wees sodat jy nie hoef te kerf nie. As jy saag moet jy dit kerf om dit natuurlik te laat lyk. Die dele moet net nie ewe groot wees nie.



Vergadering van 3 Augustus 2019

Org het 'n paar voorbeelde van sy bome gewys wat hy beplan om in die toekoms in die "Struck by lightning" styl te maak.



REKLAME



ROBINSON & KRUGER
PROKUREURS / ATTORNEYS

SINCE 1995
BOEDELBEREDDERAARS / ADMINISTRATORS OF ESTATES
TRANSPORTBESORGBERS / CONVEYANCERS / NOTARISSE / NOTARIES

- IS JY IN DIE PROSES OM 'N HUIS TE KOOP OF TE VERKOOP?
- TROU JY OF WEET JY VAN IEMAND WAT GAAN TROU EN 'N HUWELIKSKONTRAK BENODIG?
- IS IEMAND NABY JOU OORLEDE?

INDIEN JY "JA" ANTWOORD OP ENIGE VAN DIE BOGENOEMDE, KONTAK ONS VIR PERSOONLIKE BYSTAND.

- ONS DOEN OOK BOEDELBEPLANNING, EGSKEIDINGS, DERDE PARTY EISE (RAF EISE) EN PERSOONLIKE BESERING EISE

KONTAK MARTIN KRUGER
012 332 1770
CODONIA LAAN 829, WAVERLEY
law@robinsonkruger.co.za



Bonsai Kalender — Deur Dr Francois van As

Wat doen ons in September?

Met die aanbreek van September kom die Lente en warmer weerstoestande. Die meeste bladwisselende bome moes nou reeds uitgeplant of herpot en die wortels teruggesnoei gewees het. Vir sommige, byvoorbeeld Witstinkhout en die Akasias, moet 'n mens verkieslik wag totdat hulle bot, maar herpot voordat die botsels oopgaan. Die meeste immergroen bome kan nog tot in vroeg September herpot word. Wildevye se wortels moet verkieslik nie gesnoei word voordat temperature verhoog nie. Blomplante soos Azaleas moet nie herpot of gesnoei word voordat die blomme afgeval het nie. Jenewers kan ook nou herpot word alhoewel hulle 'n langer herpotperiode het, tot diep in die Lente. Moet nooit boompies wat pas wortelsnoei en herpotting ondergaan het, te gou begin bemes nie. Dit kan die pas gesnoeide wortels beskadig. Beskerm boompies wat herpot is teen die laaste koue wat mag voorkom.



Hou bome wat bedraad is fyn dop, veral takke wat uitermatige groei toon. Verwyder alle bedrading indien nodig en wees baie versigtig om nie die delikate nuwe groei te beskadig nie.

Soos temperature verhoog, neem groei toe en is dit nodig om watertoediening en voeding te verskerp.

Wat doen ons in Oktober?

Teen Oktober bevind ons ons in die tweede maand van die Lente en die warmer weer laat die boompies verseker vinniger groei. Onthou dat die beste manier om digte vertakking te verbeter, opgesluit lê in voortgesette snoei. Groeipunte kan voortdurend uitgeknyp word, behalwe waar 'n tak verleng moet word. Wanneer uitloopsels begin verleng, kan hulle teruggesnoei word tot een paar blare. Dit sal kompakte groei bevorder. By naaldhoutboompies kan kerse tot tweederdes teruggeknyp word.

Vervolg op bl 27

Bonsai Kalender – Deur Dr Francois van As

Met al die nuwe groei en 'n toename in watertoediening moet voeding nie agterweë bly nie. As jy vinniger groei in jong plante wil aanmoedig, gebruik 'n produk met 'n hoë stikstofinhoud, maar by die handhawing van meer gevestigde bome, waar ons nie wil hê die blare moet vergroot nie, kan 'n produk gebruik word wat weer hoër kalium en fosforinhoud bevat met 'n laer stikstofinhoud.

Behandeling teen peste kan ook 'n aanvang neem aangesien skadelike insekte en swamsiektes hulle verskyning kan maak.



Hoe lyk Pretoria se klimaat hierdie tyd van die jaar?

Pretoria het 'n gematigde savanne (grasvlakke) klimaat met warm, nat somers en droë winters. Van Mei tot September reën dit selde en wanneer wel, is dit maar min.

Maand	Gemiddelde maksimum temperatuur (°C)	Gemiddelde minimum temperatuur (°C)	Gemiddelde ure sonskyn per dag	Gemiddelde aantal dae neerslag per maand	Gemiddelde mm neerslag per maand
September	26	12	10	3	6-30mm
Oktober	27	14	9	9	61-100mm

Bron: <http://www.whatstheweatherlike.org/southafrica/pretoria.htm>

Bonsai-groete

Francois van As

Instead of worrying about what you cannot control, shift your energy to what you can create.

Roy T. Bennett

Terugvoering oor demonstrasie/werkswinkelbome

By die vergadering van 5 Januarie 2019 het Francois as “Tip of the Month” gewys hoe hy 'n 'holte' in 'n leiklip gemaak het om 'n groepie Witstinkhout bome daarin te plant. Hy het drade met epoksie op die rots vasgeplak. Francois het ook die boompies gewys wat hy op die klip wou plant. Die onderste foto's is in die eerste uitgawe van 2019 van die Koeda gewys.



Francois het die foto onder gestuur (op die Whatsapp groep) van die groep wat hy toe wel op die klip geplant het.



Sorgskedule Seisoen: Season:		Mid-somer Mid-summer	Laat somer Late summer	Vroeg herfs Early autumn	Mid-herfs Mid-autumn	Laat herfs Late autumn
Maand: Month:		Jan	Feb	Mrt Mar	Apr	Mei May
Die boom se jaarsiklus The tree's yearly cycle		Kort dormante periode, konsolideer nuwe groei Short period of dormancy, consolidate new growth			Berey voor vir dormante periode Prepare for winter dormancy	
A k s i e / A c t i o n	Bonsai van saad Bonsai from seed			Vir beste resultate gebruik vars saad For best results, use fresh seed		
	Bonsai van steggies Bonsai from cuttings					
	Verplant Potting					
	Herpot met wortelsnoei Repot with root pruning				Immergroen bome Evergreen trees	
	Vormsnoei Formative pruning					
	Knyp groeipunte Pinch growth points					
	Bemesting Fertilizer					
	Insekdoders Insecticide					
Somerbeskerming Summer protection						

Sorgskedule Seisoen: Season:		Vroeg winter Early winter	Mid-winter	Laat winter Late winter	Vroeg lente Early spring	Mid-lente Mid-spring	Laat lente Late spring	Vroeg somer Early summer
Maand: Month:		Jun	Jul	Aug	Sep	Okt	Nov	Des Dec
Die boom se jaarsiklus The tree's yearly cycle		Dormant gedurende die winter Winter dormancy			Herontwaking, nuwe groei Reawakening, new growth			Nuwe groei New growth
A k s i e / A c t i o n	Bonsai van steggies Bonsai from cuttings							
	Verplant Potting							
	Herpot met wortelsnoei Repot with root pruning			Immergroen en bladwisselende bome Evergreen and deciduous trees				
	Vormsnoei Formative pruning							
	Knyp groeipunte Pinch growth points							
	Bemesting Fertilizer							
	Insekdoders Insecticide							
	Somerbeskerming Summer protection							
	Winterbeskerming Winter protection							

The individual opinions expressed in this issue are not necessarily those of the Pretoria Bonsai Kai.